

**23 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32**

**Fokusgedeelte: Matteus 21:31**

### **Gaan soek die tollenaars en prostitute**

Hierdie gelykenis handel oor twee seuns wat nie een hulle vader baie vreugde verskaf het nie. Die eerste weier brutaal om sy vader se opdrag uit te voer. Die ander een maak net mooi beloftes waarvan niks kom nie. Die twee broers verteenwoordig twee groepe van die Here se volk. Die ongehoorsame seun wat nee sê – die tollenaars en die hoere, die brawe ja-broer – die Fariseër en skrifgeleerde.

Die nee-sê-seun, die diensweieraar, die hoere en tollenaars van Israel, het nog wel die teken van die verbond gedra, en so die naam van kind, maar hulle het hulle skaamteloos gedra. Hulle het brutaal vir God en vir sy geboorte nee gesê. Hulle is deur die ja-sê-seun, die vroom Fariseër, verag. Maar die Fariseër was skynheilig en het self ook nie God se geboorte onderhou nie, en hulle het Christus verwerp. Hulle het met hulle godsdienstigheid nie in die Here se wingerd nie, maar in hulle eie wingerd gewerk. Dit het nie vir hulle daarom gegaan om God te verheerlik nie, maar om deur mense gesien te word en hulleself te verheerlik. Hulle doen 'n klomp dinge, maar laat die hoofsaak van die wet na, naamlik liefde.

Die geskiedenis van die seun wat nee sê, loop egter nie in die muur van onwilligheid en verharding dood nie. Hy kom tot homself, hy kom tot ander insigte, hy het spyt/berou gekry en gegaan. In die seun wat nee sê, maar ja doen, doem daar voor ons oë baie gestaltes van tollenaars en sondaars op wat die weg terug vind. In hom sien ons almal wat hulle lewe so verknoei het, maar wat uiteindelik deur die Here teruggebring is.

Nou moet ons nie vandag soos die ja-broer, Fariseër wees nie. God gee die opdrag aan ons almal: Gaan werk vandag in my wingerd. Dit is nie net die spesiale taak van die ampsdraers nie, maar van al sy kinders. Kindskap van God vra diensbetoning en werk in sy wingerd. Ons werk in God se koninkryk toon ons liefde vir Hom.

Ons het vir Hom ja gesê toe ons belydenis van geloof afgelê het. Ons het beloof om in God se wingerd, sy koninkryk, getrou te gaan werk. En as jy die Here liefhet en dankbaar is vir die verlossing in Christus, sal jy in sy wingerd, sy kerk en koninkryk werk. Dan sal jy ook nie die tollenaars en prostitute, die afgedwaalde sondaars buite die kerk verag nie, maar uit liefde vir Christus juis die Woord aan hulle bring. Dit sodat hulle nee sê, ja doen sal word tot God se eer. As ons dit nie doen nie, dan sê ons net ja en doen nee, dan werk ons as lidmate met ons godsdienstigheid soos die Fariseër ook in ons eie wingerd/koninkryk en nie in God se wingerd/koninkryk nie.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 4*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*